**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Lukas 1:1-4 & Lukas 24:50-53

**Fokusvers:**

Lukas 24:50-51

**Tema:**

Christus vaar op na die hemel met hande wat ons seën.

**Datum:**

10 Mei 2026

## 1. **Inleiding**

Geliefdes in ons Here Jesus,

Om afskeid te neem van ’n vriend of ’n geliefde is nie lekker of maklik nie. Dink net aan al die trane wat op plekke soos begraafplase, ’n lughawens of sypaadjies voor ’n huis, gestort is. Om totsiens te sê, sal altyd hartseer en emosioneel wees en ons almal het dit waarskynlik al beleef.

Lukas 24:50-53 vertel vir ons van só ’n oomblik van afskeid vir die dissipels.

Vir drie jaar lank het hulle agter Jesus aangestap. Trouens, hulle het alles agtergelaat om saam met Hom te reis, te eet, te werk en by Hom te leer. En in hierdie drie jaar het hulle lewens baie verander. Maar nou, na alles, neem die dissipels vir ’n laaste keer afskeid. Die Here verlaat die aarde, en vaar voor die oë van die dissipels in die hemel op, totdat hulle Hom nie meer kon sien nie.

Dit is moeilik om in te dink hoe hulle in daardie oomblik moes voel. Die maklikste manier om dit te verstaan, is om te dink aan die stilte in ’n mens se huis nadat al die kuiermense gery het. Dit is so ’n ongemaklike stilte wat eintlik raas. Lukas beskryf in Handelinge 1:10 hoe die dissipels net bly staan het en na die hemel bly staar het.

Maar kyk hoe Lukas vir ons presies die teenoorgestelde reaksie beskryf. Ons sou dink dat die dissipel sou uitbars in trane en die stilte sou verbreek met ’n snik. Ons lees egter glad nie van trane nie, maar eerder van *blydskap*, *aanbidding* en *lofprysing*...

Hoe so? Hoekom reageer hulle op ’n manier wat vir ons teenstrydig voorkom, ’n manier wat ons glad nie sou verwag nie?

Die antwoord lê vir ons opgesluit in vers 50 en 51. Kom ons kyk dan noukeurig na die teks en verstaan dit in die konteks van die res van die Bybel.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Hy het sy hande opgehef:

In vers 50 lees ons dat Jesus die dissipels uitlei na Betanië, wat aan die oostekant van die Olyfberg was (Hand. 1:12). Die dissipels sou waarskynlik teruggedink het aan Jesus se aankoms in Jerusalem voor sy dood, wat op hierdie selfde plek was. Op daardie dag het Hy op die rug van 'n donkie gery, terwyl 'n groot skare gesing het:

"*Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!*" (Luk 19:28-38).

Nou gaan Jesus op 'n merkwaardige wyse aan hulle toon en bevestig wat die skare gesing het. Ons lees dat hy sy hande opgehef het (24:50). Ons kan maklik bo-oor hierdie woorde lees en net fokus op die seën, maar dit is belangrik om hierby stil te staan.

*<u>Aan die een kant</u>* is die ophef van hande, 'n gewone liturgiese handeling. Dit is maar die gebruik wat die mense gehad het wanneer hulle seën, soos om te kniel as hulle bid.

*<u>Maar aan die ander kant</u>* lê daar baie betekenis hierin. Seën en aanraking met die hande loop hand aan hand:

- Ons lees in Genesis 27 hoe Isak sy twee seuns, Jakob en Esau, geseën het deur met sy <u>hande</u> *aan hulle te raak*.
- Later, aan die einde van Jakob se lewe, (Gen. 48) lees ons weer hoe hy sy seuns geseën het, deur sy <u>hande</u> *op hulle koppe te plaas*.
- Die beeld van die Here se hand wat *op iemand is*, soos 'n hand wat op iemand se kop rus, is bekend aan ons. Dit is asof die seën oorvloei deur die hande/ aanraking.

Die belangrikste gedagte, vind ons egter in Israel se woestyntog:

As Israel die Here se seën wou ontvang, dan moes dit vanaf die priesters gekom het (Num. 6:22-27). In Levitikus 9 lees ons hoe die priesters met hulle dienswerk begin en die heel eerste offer gebring word. Uiteindelik brand die altaar en word daar versoening vir die volk se sondes

gedoen! Dan lees ons in 9:22: "*Nadat Aäron die sondeoffer, die brandoffer en die maaltydoffers gebring het,* ***het hy sy hande na die volk toe uitgesteek*** *en hulle geseën.*"

Die uitgestrekte hande was nie **net** 'n simboliese daad nie. Die priesters het met hulle hande gewerk om versoening te doen. Voordat 'n dier geoffer word, het die priester sy hande op die dier se kop geplaas. Met hulle hande het hulle die diere geslag, die offerbloed bymekaargemaak, die bloed gesprinkel. Na alles, Waarskynlik nog met bloed bevlek, sou die priester sy hande ophef en die volk geseën het.

Dan word hierdie daad nie net 'n leë gebruik nie. Dit is asof die priesters die vergifnis en versoening as't ware op die volk plaas en oor hulle uitgiet. Met hierdie daad, bly die offer nie iets wat die priester alleen doen nie, maar die offer wat God aanneem word aan die volk bekragtig.

Geliefdes, dink nou terug aan die Here Jesus wat sy hande oplig. Dwarsdeur die evangelies lees ons hoe mense siekes na Hom toe bring, sodat Hy hulle die hande kan oplê of hulle kan aanraak:

- Met sy hande genees Hy allerhande siektes, selfs verlamdes en melaatses. Met sy hande wek Hy lewe in dooies (Mar. 1:40-41, 6:5; Luk. 7:14-15).
- Hy slaan sy hande om die kinders, diegene wat uitgestoot en verwerp is in die samelewing, en Hy seën hulle (Mat. 19:13-15).
- Hy sit sy hande op sy dissipels in 'n tyd van benoudheid om hulle gerus te stel (Mat. 17:6-7).
- In Johannes 20 lees ons hoe Jesus se liggaam na sy opstanding steeds duidelik en sigbaar die tekens van sy kruisiging gedra het. Hulle kon die gate van die spykers in sy hande sien en met hulle vingers daaraan raak...

Daardie selfde hande wat genees, uit die dood uit opwek, verworpenes aanneem, vrede gee en versoening bring- daardie hande wat aan die kruis vas gespyker was **-** daardie hande, strek Jesus nou oor sy dissipels uit.

Geliefdes, Jesus se hemelvaart is in die eerste plek ʼn herinnering en bekragtiging van sy dienswerk:

- Die volmaakte offer vir die mense se sondes is gebring. Volkome versoening is nou bewerk. Net soos in die Ou Testament, is die bewyse daarvan sigbaar op die hande van die Hoëpriester.
- En dan in sy laaste oomblik op aarde, giet Hy die versoening en vergifnis oor sy volgelinge uit en maak dit vir hulle ʼn werklikheid.

Dit bring ons by die tweede gedagte.

**2.2. Hy het hulle geseën:**

Vers 50 sê: Jesus het "*sy hande opgehef en hulle geseën.*" Die klem in hierdie gedeelte val baie duidelik op die '**seën'** en ons sien dit omdat Lukas die woord drie keer herhaal in hierdie kort stukkie.

Soos vandag, het mense in die verlede ook vir mekaar die seën oorgedra. '*Mag jy ʼn geseënde reis/ verjaarsdag/ huwelik hê...*' Maar hierdie seën was ten diepste ʼn wens/ gebed tot God, dat Hy moet seën. Ons sê in Afrikaans so mooi dat ons iemand God se seën toe**wens**.

Maar die seën van die priesters was baie anders. God het ʼn unieke voorreg aan die priesters gegee om op ʼn besonderse manier te seën. Hulle moes in God se naam **Sý** seën vir die volk ***gee***. Dit was nie ʼn toewensing nie, maar ʼn **toesegging**. Numeri 6:27 stel dit so mooi: "*So moet die priesters my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën.*"

Maar nou verskil die seën wat die Here Jesus gee ook van die seën van die Ou Testamentiese priesters. Lukas wys dit vir ons deur drie keer ʼn **kontras** te skep met die aardse priester.

**Eerstens:** Die priesters sou gewoonlik die volk seën aan die einde van hulle tempeldiens. Aan die begin van die evangelie vertel Lukas vir ons van Sagaria, Johannes die Doper se vader. Terwyl hy besig was om tempeldiens te doen, verskyn 'n engel van die Here aan hom om die nuus oor Johannes se geboorte te deel. Maar omdat hy nie in die Here se woorde geglo het nie, is hy met stomheid getref (1:20).

Terwyl hierdie dinge in die tempel gebeur, het die volk buite gestaan en gewag. Toe hy uiteindelik uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Al wat hy kon doen was om aanhoudend vir hulle te beduie (1:21-22). Die afleiding is, dat die seën van die Here nie daardie dag aan die volk gegee is nie...

Maar met Jesus se hemelvaart stort Hy self sy seën oor die dissipels uit. Anders as die aardse priesters wat gekeer kan word, of kan misluk in die toesegging van die seën, kan niks die Here Jesus keer nie, nie eers die dood nie.

**Tweedens:** Die inhoud van die priesters se seën was bewaring, genade en vrede. Wanneer Jesus met sy hemelvaart seën, gee Hy ons ook die versekering van sy bewaring, genade en vrede.

- Oor **bewaring** sê Jesus in Johannes 10 (28-29): "*Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*"
- Ons lees ook dat ons vanuit Christus se oorvloed: "***genade** op genade ontvang.*" (Joh. 1:16)
- Bowenal is dit wat Christus deur sy versoening kom bewerkstellig het **vrede** tussen ons en God. Vrede wat alle verstand te bowe gaan en oor ons hart en sinne die bewaring hou. 'n Vrede wat <u>*altyd*</u> by ons sal wees (Fil. 4:7,9).

**Derdens:** Die priester sou altyd die seën op ŉ bepaalde plek uitspreek. Hulle het dit nie in mense se huise of op die markplein gedoen nie. Dit was altyd by die tempel, gepaard met die tempel diens. Later was dit ook toegelaat in die sinagoges, aangesien dit as deel van die tempel geag was.

Maar met Jesus se hemelvaart, lei Hy sy volgelinge buite Jerusalem. Netso sê Jesus vir die dissipels (Hand. 1:8): "J*ulle sal krag ontvang wanneer die* ***Heilige Gees*** *oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*"

Meer nog, die seën van die Here het nie net gebly by die een wat dit ontvang nie, maar dit moes van hulle af uitvloei tot die wêreld.

- Soos God vir Abram gesê het (Gen. 12:1-3): "*In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.*"

Om hierdie drie gedagtes van die seën net kortliks saam te vat:

- Christus se seën is **groter** as die van die Ou Testamentiese aardse priesters, omdat Hy die Groot Hoëpriester is. Die aardse priester kan misluk om die Here se seën te gee, terwyl Christus se seën deur niks gekeer kan word nie.
- Christus se seën is **meer volmaak** en ŉ **dieper** vervulling van die Ou Testamentiese seën van bewaring, genade en vrede.
- Christus se seën vloei na ons, maar vloei ook oor na die hele wêreld deur die krag van die Heilige Gees.

Dit bring ons by die laaste gedagte:

**2.3. Terwyl Hy seën, is Hy in die hemel opgeneem:**

Vers 51 sê dat Jesus opgevaar het, en van die dissipels af weggegaan het: "*terwyl Hy hulle seën.*"

Weereens moet ons verstaan hoe die seën in die Ou Testament gedoen was.

Die seën was elke dag twee keer herhaal. Elke dag moes die priesters seën, en seën. Daarom beskryf Lukas Jesus se seën in die Grieks nie as iets wat net in die oomblik gebeur het nie, maar Hy het met seënende hande opgevaar. Hy is **nou nog besig** om ons te seën en sy werk as Hoëpriester **voort te sit**.

Daarom sê Lukas aan die einde van vers 51 dat Jesus nie net opgevaar het nie, maar Hy is ook in die hemel opgeneem. Met ander woorde, die Vader het Hom ingeneem en laat sit aan sy regterhand op die troon omhoog, waar Hy vir ons intree tot in ewigheid.

Deel van die priesterlike seën was die woorde: "*die Here sal jou gebede verhoor.*" Met Jesus se voortdurende seën mag ons weet dat God ook ons gebede verhoor, omdat die volmaakte priester onophoudelik vir ons intree by die Vader. Ons kan na die Here toe gaan met al ons sonde, al ons seer. Ons kan gaan met vrymoedigheid en sekerheid – deur Christus se seën, sal ons gebede verhoor word.

**2.4. Die effek:**

Geliefdes, dit bring ons uiteindelik terug na die dissipels se reaksie. Menslik gesproke sou ons iets anders van hulle verwag het met Jesus se afskeid. Maar dan lees ons hoe Lukas sê: "*Hulle het Hom **aanbid** en met **groot blydskap** na Jerusalem toe teruggegaan. Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en **God geprys**.*"

Hoekom? Omdat Jesus hulle seënend verlaat het.

- Jesus sê in Lukas 4:8: "*Daar staan geskrywe: 'Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.'*" Met Jesus se opstanding en hemelvaart verstaan die dissipels uiteindelik ten volle, daarom het hulle Christus aanbid!

- Omdat die Here se seën, sy bewaring, genade en vrede by hulle is en bly. Omdat die Here Jesus self die seën vir ons geword het, en dit aan ons toereken, lees ons dat die dissipels "*groot blydskap*" gehad het.
- Wanneer hulle dan in Jerusalem aankom, lees ons hoe hulle aan God die seën/ lof teruggee.

Soos in die woorde van Psalm 103: "*Ek wil die Here loof (letterlik – ek wil die Here seën), met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.*"

**3. Slot**

Geliefdes, ek sluit af.

Die hemelvaart van ons Here Jesus het 'n veranderende effek in ons lewe. Dit draai ons trane, hartseer en pyn om. Dit is gee ons moed om die beproewings en moeite van die lewe aan te durf. Ons het die allergrootste troos dat Jesus Christus ons Hoëpriester sy hande ophef en seënend in die hemel opgeneem is.

Aan die begin van die erediens het die Here sy seën vir ons gegee, en aan die einde ontvang ons dit weer. Dit is nie net 'n gewoonte van die kerk nie, maar agter die hande van die prediker moet ons *in die geloof* die Here Jesus se hande sien.

Dit is Hy wat self elkeen wat in Hom glo en Hom volg, seën. Dit is Christus wat ons met sy ryke genade oorlaai. Dit is Jesus die Here wat ons troos met onbeskryflike vrede. Dit is Hy, die ewige Seun van God wat ons beskerm en bewaar.

Mag ons deur die krag van die Heilige Gees vir die wêreld die veranderende effek van Christus se hemelvaart wys. Mag ons in swaarkry, moeite en verdriet met aanbidding, groot blydskap en voortdurende lofprysing reageer.

“*Terwyl ons dan nou ’n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely.*”

# Amen